

**GANG:** Op eie gang aangaan: Werk soos jyself goeddink, sonder om na die raad van 'n ander te luister: To follow your own head.

Dit gaan so op 'n gangetjie (draffie): Nie te goed en ook nie te sleg nie: So-so.

**GANSGAAR:** Gansgaar nie (gans en gaar) nie: Heeltemal nie: Not at all.

**GAT:** 'n Gat in die dag slaap: 'n Groot gedeelte van die dag omslaap: To sleep far into the day.

Iemand 'n gat in die kop praat: Iemand ompraat of oorhaal: To induce someone not to carry out an intention.

Ons het gate uitgespeel: Lekker gespeel: We had an enjoyable game.

In die gate hou: kyk Dop.

**GEBEENTE:** Bewaar jou gebeente: Pasop! Ek sal jou kry: You had better be careful; beware!

**GEBOOIE:** Iemand die tien gebooie voorlees: Hom sy plig onder die oë bring: To lecture a person.

Hulle staan onder gebooie: Staan op die punt om te trou: They are on the point of being married.

Gebooie laat gaan: In die kerk die huweliksaankondiging laat aflees: To publish the banns.

**GEBORE:** Gebore en getoë: Gebore en opgevoed: Born and bred.

**GEBREKE:** In gebreke bly: Iets versuim, nalaat: To fail.

**GEDAAN:** Gedaan wees: Doodmoeg: To be dead tired.

Gedane sake het g'n keer nie: As iets eers verby is, kan jy daar niks meer aan doen nie: It is no use crying over spilt milk.

**GEDAGTE:** Die gedagte laat gaan: Oor iets nadink: To consider a matter.

**GEE:** 'n Mens moet gee en neem: Toegewendheid moet met sorg vir eie belang saamgaan: One must give and take.

Nie vir iets omgee nie: Nie van iets hou nie: Not to care for.

'n Mens moet 'n gegewe perd nie in die bek kyk (sien) nie: 'n Mens moenie 'n geskenk kritiseer nie: Do not look a gift horse in the mouth.

Eens gegewe, bly gegewe: Wat aan iemand gegee is kan nie weer teruggeëis word nie: A gift remains a gift.

Eers gegee en dan (weer) geneem, is erger as 'n dief gesteel: 'n Mens maak hom aan 'n growwer misdaad skuldig as 'n dief, wanneer hy eers iets gee en dit dan weer terugneem: When you have given something away never take it back again.

**Wie gou gee, gee dubbel:** Deur gou vir iets te gee, gee 'n mens feitlik dubbel: He gives twice who gives in a trice.

**GEELBEK:** 'n Kaapse bastermeid: A Cape girl (coloured).

**GEEL:** Géles; **geelvinke:** Goue ponde: Golden sovereigns.

**Die geelbaadjie aan hê:** Jaloers wees: To be jealous.

**GEES:** Die gees is gewillig, maar die vlees is swak: Iets goeds wil doen, maar in die uitvoer daarvan gehinder word deur liggaamlike swakheid: The spirit is willing, but the flesh is weak.

**Iemand se gees blus:** Hom ontmoedig: To deaden a person's enthusiasm.

**Soos 'n gees lyk:** Maer en vervalte wees: As thin as a lath.

**Hoe groter gees, hoe groter bees:** Talentvolle mense weet dikwels nie hoe hulle hul moet gedra nie: Master-minds are often very ill-mannered.

**Teenwoordigheid van gees besit:** Om dadelik te weet, hoe om onder enige moeilike omstandigheid te handel: To possess presence of mind.

**GEHASIE:** Vanwaar Gehasie? Waar kom jy so onverwags vandaan? Where do you come from so unexpectedly?

**GEHEIM:** G'n geheim van iets maak nie: Dit aan almal rond vertel: To make no secret of it.

**GEHOORSAAMHEID:** Gehoorsaamheid is beter as offerande: Gepleegde ongehoorsaamheid kan nie met mooi woorde reg gemaak word nie: To obey is better than sacrifice.

**'N GEITJIE:** 'n Vrou met 'n baie skerp tong: A shrew.

**GEK:** Al te goed is buurman (anderman se) gek: Die spot word met jou gedryf as jy te goed is: If you make an ass of yourself, people will ride you.

**Elke gek het sy gebrek:** Niemand is volmaak nie: Everyone has his faults.

**Iemand vir die gek hou:** Die spot met hom dryf: To play the fool with someone.

**Alle gekheid op 'n stokkie:** Grappe op 'n end: Joking aside or apart.

**Die gek skeer met iemand:** Hom vir die gek hou: To play the fool with someone.

**Dis te gek om los te loop:** Dit is darem te erg, te ver-spott: That is most absurd.

**GELAG:** Die gelag betaal: Alleen boet vir wat ander (of ander en ek) gedaan het: To pay the piper.

**GELD:** Staan of hy geld in die bank het: Hoogmoedig wees: To be conceited.

**Geld groei nie op sy rug nie:** Hy moet hard werk vir sy geld: He has to work for his money.

**Geld wat stom is, maak reg wat krom is; Geld wat geel is, maak reg wat skeel is:** Met geld kan 'n mens alles verkry: Money rules the roost.

**Vir g'n geld van die (ter) wêreld nie:** Nie vir die grootste beloning nie: Not for all the money in the world.

**Ek kon dit vir g'n geld of goeie woorde kry nie:** Dit was heeltemal onmoontlik om dit in hande te kry: Not to be had for love or money.

**Geld uit iemand se sak ja:** Hom geld laat uitgee; geld uit hom maak: To cause someone to spend money; to make money out of someone.

**Agter geld soos die duivel agter 'n siel:** Baie geldgierig wees: To be very covetous.

**Geld in die water gooi:** Roekeloos geld uitgee: To make ducks and drakes of one's money.

**Geld soos bossies:** Baie geld: Money in abundance.

**'n Geldwolf:** 'n Baie inhalige, gierige persoon: A miser.

**GELEENTHEID:** Geleentheid gee geneentheid of Geleentheid maak die dief: As iemand 'n mooi kans kry, sal hy steel of kwaad doen: Opportunity breeds the thief.

**'n Geleentheid beetpak:** Gebruik maak van 'n geleentheid: To seize time by the forelock.

**GELEERD:** Die geleerde wêreld: 'n Gesamentlike benaming vir geleerde persone: The educated world.

**Hoe geleerder hoe verkeerder:** 'n Hooggeleerde weet dikwels maar baie min van alledaagse dinge: A mere scholar, a mere ass.

**Iemand lug sy geleerdheid:** Maak 'n ydel vertoon van wat hy weet: He shows off his knowledge.

**GELEIDE:** Iemand onder sy geleide neem: Iemand beskerm: To take someone under your charge.

**GELUK:** Jy mag (kan) van geluk praat: Gesê van iemand wat van 'n gevaarlike of moeilike taak goed afgekome het: Things might have been worse!

**Dit was meer geluk as wysheid:** Sy welslae is meer te danke aan geluk as aan sy eie bekwaamheid: More by luck than judgment.

**Die geluk loop hom onderstebo:** Hy is besonder voorspoedig in alles wat hy doen: Hy is overwhelmed by good fortune.

**Die geluk loop hom na:** Sonder inspanning is hy baie voorspoedig: Fortune follows his footsteps.



- Op goeie geluk afgaan:** Sonder om die saak eers goed te oorlê, maar tog in die hoop, dat dit goed sal slaag: To do something at a venture.
- GELUKSKIND(-VOËL):** 'n Begunstigde (voorspoedige) persoon: A lucky dog.
- GEMAAK:** Iemand is so gemaak en so gelaat (laat) staan: Hy is sleg en wil (kan) homself nie verbeter nie: He is a stick-in-the-mud!
- Vol gemaaktheid wees:** Hy is aanstellerig: To be affected.
- GEMEEN:** Gemene saak mei iemand maak: Sy party kies: To side with a person.
- GEMEENSKAP:** Met gemeenskap van goedere getroud: Hulle besittings behoort aan die man en die vrou saam: Married in community of property.
- GEMOEID:** Die hele toekoms is daarmee gemoeid: Is daarby betrokke: The whole future is at stake.
- GENADE:** Genadebrood eet: Van liefdadigheid leef: Eat the bread of charity.
- 'n Genadegif:** As 'n guns en nie om verdienste gee nie: As a gift of grace.
- Iemand die genadeslag toedien:** Verantwoordelik wees vir die laaste ramp wat 'n persoon heeltemal verpletter: Coup de grâce, death-blow.
- GENANT:** Hy is my genant: Iemand met dieselfde voornaam: Namesakes.
- GENOEG:** Genoeg is oorvloed: 'n Mens wat genoeg het, behoort gelukkig te wees: Enough is as good as a feast.
- GEPIER:** Gepier wees: Gekul wees: To be deceived.
- GEROEP:** Iemand kom of hy geroep is: Hy kom net toe hulle hom nodig het: To come as if one were called.
- GESANG:** Sy gesang is uit: Hy het niks meer te sê nie: He has exhausted his stock of talk.
- GESÊ:** Hom nie laat gesê nie: Nie gehoorsaam of na goeie raad luister nie: Not to listen to reason.
- GESEGLIK:** Iemand is geseglik: Gehoorsaam, luister na goeie raad: To listen to reason.
- GESIG:** Iemand iets in sy gesig sê: Onomwonde: To tell it to someone's face.
- Iemand met twee gesigte:** Hy is onvertroubaar: He runs with the hare and hunts with the hounds; he is double-faced.
- GESKREEU:** Veel geskreeu en weinig wol: Baie drukte maak oor 'n kleinigheid: Much ado about nothing.

- GESONDHEID:** Gesondheid in die rondheid, al die mooi meisies in die blomtyd (blomtuin): Die uitdrukking word gebruik as 'n sopie gedrink word: Good health to all.
- GESOUT:** Gesout teen 'n siekte: Herstel wees van 'n siekte en nie gevaar loop om dit weer te kry nie; ook gesê van 'n nuwe student, wat die ontgroeningsperiode deurgemaak het: To be immunized or "salted" against an illness; also used of an initiated student..
- GESTELD:** Op iets gesteld wees: Van iets hou; iets hoogskat: To value.
- GESTEWEL:** Gestewel (gelaars) en gespoor: Klaar vir die onderneming: To be ready; to be well prepared.
- GESTOOK:** Iemand het gestook: Hy is dronk: To be intoxicated.
- GESWAWEL  
GETEE** } Dronk: Intoxicated.
- GETIK:** Iemand is getik: Bietjie dronk: Slightly intoxicated.
- GETROUD:** Hy is nie daarmee (b.v. plek, werk ens.) getroud nie: Dit is nie noodsaaklik vir hom om altyd daar te bly, of die spesiale werk te doen nie: He is free to do whatever he desires.
- GEURTJIE:** Daar's 'n geurtjie aan: Die saak is nie heeltemal in orde nie: The matter is not quite clear; there is something mysterious about it.
- GEVRY:** Lank gevry, niks gekry: Iemand het lank na 'n dame gevry, maar het haar nie tot sy vrou gekry nie: Long courted, yet jilted.
- GEWELD:** Met geweld kan 'n mens die duiwel van die berg ja: Deur mag te gebruik, kan 'n mens enigiets doen: Might will do everything.
- GEWENTE:** Die gewente maak die gewoonte: Iemand het iets al so baie gedoen en is al so gewoon daaraan, dat hy nie meer anders kan handel nie: Use is second nature.
- GEWOONTE:** Gewoonte word 'n tweede natuur: As iemand iets al herhaalde kere gedoen het, dan doen hy dit later onwillekeurig: Use is second nature.
- GHOEN:  
GHOEROE:** } Iemand is 'n ghoeroe (ghoen): Hy is 'n pure man: He is a gentleman.
- 'N GHWAR:** 'n Onbeskaafde, ruwe persoon: A rough, uncouth fellow.
- GIER:** 'n Gier kry: Skielik 'n sterk begeerte kry om iets te doen: To get a whim.

**GIERIGHEID:** Gierigheid is die wortel van alle kwaad: As 'n persoon gierig is, dan is hy in staat om enige kwaad te doen: The love of money is the root of all evil.

**GISTER:** Nie gister (vandag) se kind nie: Al bejaard en dus ervaar: No chicken.

Het jy my gister gehuur, dan het jy my vandag gehad: Gebruik as iemand wil te kenne gee, dat hy gladnie onder iemand se verpligting staan nie: I am under no obligation to you.

**GLAD:** So glad soos seep gaan: Sonder fout (van 'n les); sonder oponthoud: Things run smoothly.

**GLAS:** Iemand is van glas gemaak: Bang vir seerkry òf staan in die lig: Made of glass.

Was jou pa 'n glasmaker? Aan iemand gesê wat in die lig (pad) staan, sodat 'n mens nie kan sien nie: Do you think you are transparent?

Mense wat in glaashuise woon, moenie met klippe gooi nie: Moenie uitwei oor die foute van 'n ander as jy hulle self het nie: People who live in glass houses should not throw stones.

**GLIEPS:** 'n Foutjie wat 'n mens nie raakgesien het nie: A slip.

**GÔ:** Sy gô is uit: Dis gedaan met hom; hy is moeg: To be totally exhausted.

**GOED:** Ver van jou goed, naby jou skade: k y k Skade.

Hom te goed doen aan iets: Lekker eet: To regale oneself with something.

Goeie weet: 'n Uitdrukking wat te kenne gee, dat 'n mens niks van 'n saak af weet nie: Goodness knows!

'n Goeie begin is 'n halwe werk: K y k Begin.

Alle goeie dinge bestaan uit drie: K y k Drie.

**GOEDKOOP:** Goedkoop is duurkoop: Dit kos op die ou end meer om 'n goedkoop maar slegte artikel te koop as 'n duurder, maar beter een: A bad bargain is dear at a farthing.

**GOGGA-MAAK-VIR-BABA-BANG:** Gebruik van 'n skreeuelike mens (wat met 'n kind speel): As ugly as sin.

**O GONNA!** O my liewe tyd! O dear!

**GONSTOL:** Soos 'n gonstol draai: Vinnig in die rondte draai: To spin like a top. English fluently.

**GOOI:** Die rooitaal maklik gooi: Engels vlot praat: To speak

**GORT:** Die gort is gaar: Nou is dit klaarpraat; die moeilikheid is nou daar: The fat is in the fire.

**GOU:** Gou met die pen: Gesê van iemand wat maklik skryf: A good penman.



**GOUD:** Dis nie alles goud wat blink nie: Skyn bedrieg: All is not gold that glitters.

In goud swem: Baie ryk wees: To be very rich.

Iemand is sy gewig in goud werd: Gebruik van 'n persoon wat 'n mens hoogag of wat vir ons baie werd is: He is worth his weight in gold.

O, die ding is seker van goud gemaak: Gebruik as iemand nie wil toelaat, dat 'n ander aan iets wat aan hom behoort, moet raak nie: Mind! it's made of gold!

**GOUDIEF:** 'n Sakkeroller; 'n dief wat op behendige, slinkse manier te werk gaan: A pickpocket.

**GOUGHEID:** Dis elkeen se gouigheid: Elkeen moet gou maak as hy 'n doel wil bereik: First come, first served.

**GRANIET:** Hulle kou op graniet (Pres. Steyn in verband met die Afr. taal): Tevergeefs probeer hulle, om iets daarteen te doen: The attempt is fruitless.

**GRAP:** 'n Grap en 'n half: 'n Baie groot of goeie grap: What a joke!

'n Mooi grap! Word gebruik om onwilligheid aan te dui: Here's a how-d'ye-do!

Alle grappies op 'n stokkie: Sonder om nou grappies te maak: All joking aside, or apart.

**GRAS:** Iemand laat nie gras onder sy voete groei nie: Hy stel nie uit nie; hy gaan dadelik aan die werk om voordeel daaruit te trek: To let no grass grow under one's feet.

Daar gras laat oorgroei: Dit vergeet laat raak: Not to think or talk about it.

Die gras voor iemand se voete wegmaai: Hom voorspring in woord of daad: To cut the ground from under one's feet.

Van die gras af: Dood of uit die pad: To be out of the way.

Iemand van die gras af maak: Iemand dood maak:

**GRASWEWENAAR (-WEDUWEE):** Gesê van 'n man (vrou) wie se vrou (man) tydelik weg is: Grass-widower (widow).

**GRENSBALIE:** 'n Kind wat baie huil: A cry-baby.

**GRIEKS:** Dis Grieks vir my: Ek verstaan dit gladnie: It sounds like Greek to me.

**GROEN:** Dit word groen en geel voor my oë; Die vet braai by my ore uit: Ek word duiselig: I am feeling dizzy.

Ek is nie so groen, dat 'n koei my sal vreet nie: Ek is nie so dom as wat jy dink nie: I am not as green as I look.

**GROETE:** Sê groete; Sê ek kom ook: Gesê aan iemand wat baie eet: Goodbye.

**GROND:** Op gevaarlike grond staan: In 'n gevaarlike posisie wees: To be skating on thin ice.

**Grond eet:** Kyk Sand.

**Grond wen:** Vooruitgaan, 'n oorwinning behaal: To gain ground.

**GROOT:** Eers grootmense en dan langore: Kinders moet wag totdat hulle meerderes klaar is: First grown-ups then children; elders first!

**Soos 'n groot speld verdwyn:** Ongemerkt verdwyn of wegraak: To disappear; to clear off on the sly.

**Grootpraat is niemand se maat nie:** Dit help nie om groot te praat nie: One should not brag.

**GROOTJIE:** Na sy grootjie: Verlore: Lost.

**Loop na jou grootjie:** Trap! Go to Jericho!

**GUNS:** Met (van) gunste en gawe: Met die hulp van ander persone: With the aid of other people.

**GUNTER:** Daar gunter: Daar ver: Yonder.

**GYSELING:** Iemand vir siviele gyseling dagvaar: Hom in die tronk laat gooi vir skuld: To sue someone for civil imprisonment.

## H.

**HAAI:** Haai is in die see en jy daarby is twee: Word gesê aan iemand wat heeldag "haai" gebruik, b.v. "haai, kyk hier" ens.: Hullo yourself!

**Iemand het haaitande:** Skewe, vooruitstaande tande: A person with protruding teeth.

**HAAK:** Daar sit die haak (-plek): Dit is die moeilikheid in die pad: That is the hitch.

**In die haak wees:** In orde wees: To be in order.

**Iemand haak met geld:** Iemand geld leen: To lend money to someone.

**Hulle is altyd haaks:** Hulle maak altyd rusie: They are always at loggerheads.

**Hy haak af:** Gebruik in verband met trou, slaan, skiet ens.: He is getting married; he is striking, firing, etc.

**Tussen hakies:** Gesê van iets wat nie by die hoofgedagte hoort nie: By the way.

**HAAKPLEK:** 'n Moeilikheid: A rift in the lute.

**HAAL:** Ons moes haal (uithaal) om daar te kom: Ons moes al ons kragte inspan: We had to race to get there.

**HAAN:** Iemand se haan kraai altyd koning: Hy wil altyd baas wees of sy sin kry: He wants to be cock of the walk.



**Elke haan is koning op sy mishoop:** Elkeen voel hom baas op sy gebied: Every cock crows on his own dung-hill.

**Daar sal nooit weer 'n haan na kraai nie:** Niemand sal dit ooit weet nie; dit sal 'n geheim bly: Nobody will be the wiser.

**'n Haan(tjie):** 'n Bakleierige kêrel: A quarrelsome fellow.

**Haantjie die voorste:** Hy is altyd die leier as daar iets verkeerds gedoen word: To be cock of the walk.

**'N HANETREETJIE:** 'n Kort afstand: A short distance.

**HAAR:** Op 'n haar na: Amper: Within an ace.

Op 'n haar: Haarfyn, presies: Exactly.

**Iemand het nie 'n bang haar op sy kop nie:** Hy is baie dapper: He is very brave.

**Soveel skuld hê soos hare op sy kop:** Tot oor sy ore in die skuld sit: To be greatly in debt.

**Sy hare het orent gestaan:** Hy was baie bang: His hair stood on end.

**Iemand se hare goed deurmekaar krap:** Iemand berispe; met iemand spot: To rebuke or ridicule a person.

**Gekrulde hare, gekrulde sinne:** Iemand met krulhare het 'n slegte humeur: Curly heads are hasty.

**Iets by die hare insleep:** Iets onaangenaams vir bespreking opbring, terwyl dit in daardie verband gladnie pas nie: To drag something irrelevant.

**Op hare en snare sit:** Alles in die werk stel om 'n doel te bereik: To take every means.

**Grys hare van iets kry:** Daardeur baie gekwel word: To be worried very much by something.

**Sy hare het gewaai:** Hy het daar sleg van afgekom: He fared badly.

**Sy hare uit sy kop trek van spyt:** Bitter spyt hê: To regret very much.

**Hare op sy tande hê:** Moedig, bekwaam wees: To have plenty of grit.

**Iemand het deur sy hare gegroei:** Gesê van iemand wat kaalkop is: He is bald.

**Iets nie help haaraf maak nie:** Gladnie gehelp nie: Not to lend a hand.

**Dit kan niks haaraf maak nie:** Dit beteken niks nie: It is of no use.

**Iemand moes haarlaat:** Hy was in moeilikheid; iemand het hom berispe: He was in trouble; he was rebuked.

**HAARD:** **Eie hard (herd) is goud waard (werd):** Die eie huis is die beste plekkie op aarde: There is no place like home.

**HAAS:** **Hoe meer haas, hoe minder spoed:** Hoe haastiger 'n mens is, hoe minder vordering gemaak word: More haste, less speed.

**HAASBEK:** **Iemand is haasbek:** Sonder tande. Without teeth.

**HASEPAD:** **Die hasepad kies:** Weghardloop: To take to one's heels.

**HAEL:** **Iemand skiet met hael:** Hy maak algemene beskuldiging: To generalise too much in one's accusations.

**So bang soos 'n bok vir 'n skoot hael:** Baie bang: To be very much afraid of . . .

**HAK:** **Van die hak (dak) op die tak spring:** Van die een onderwerp in 'n gesprek, sonder voorbereiding op die ander oorgaan: To ramble from one subject to another.

**Op iemand se hakke sit:** Gedurig iemand volg; kort agter hom wees: To follow closely on another's heels.

**Nie by iemand se hakke kom nie:** Deur 'n ander een ver oortref word: To be put in the shade.

**Die hakke (hakskene) lig:** Vlug: To run away.

**HALF:** **Hy doen nie iets half nie:** Hy doen alles deeglik: He does everything thoroughly.

**So half-en-half:** Nie heeltemal nie: Nearly, not quite.

**HALFMAS:** **Halfmas broek:** Gesê van 'n broek wat tussen lank en kort is: Three-quarter trousers.

**HALFNAATJIE:** 'n Baster: A half-caste.

**HALS:** **Iets op die hals haal:** In die moeilikheid kom deur eie toedoen: To bring trouble on oneself.

**Iemand om die hals val:** Hom omhels: To embrace somebody.

**HALSOORKOP:** In oorhaas; baie gou en deurmekaar: Head over heels.

**FALTER:** **Die halter is van die kop:** Gesê van iemand wat nou vry is om te doen net wat hy wil: He is free to do as he pleases.

**HAMER:** **Iemand hamer:** Geweldig slae toedien: To give somebody a severe dressing-down.

**Iets onder die hamer bring:** Op 'n vandiesie verkoop: To sell by auction; to bring under the hammer.

**Vir iemand die hamer in wees:** Baie kwaad wees vir 'n persoon: To be very cross with a person.

**HAND:** **Die hand in jou boesem steek:** Jouself ondersoek of afvra: To dive into one's own bosom.

**Hand oor hand toeneem:** Vinnig toeneem: Hand over hand.

**Aan die hand gee:** 'n Plan maak in verband met iets: To suggest.

**Die hand aan sy eie lewe slaan:** Selfmoord pleeg: To commit suicide.

**Een voël in die hand is beter as tien in die lug:** Die bietjie wat mens het, is beter as die baie wat onseker is: A bird in the hand is worth two in the bush.

**By die hand wees:** Naby wees om te help: To be at hand.

**Met hand en tand verdedig:** Met alle krag: To fight tooth and nail.

**Iemand iets in die hand werk:** Iemand in sy planne behulpsaam wees: To play into another's hands.

**Agter die hand lag:** In die geheim bly wees oor die ongeluk van 'n ander: To laugh in one's sleeve.

**Op iemand se hand wees:** Aan sy kant: To take one's part.

**Van die hand in die tand leef:** Alles uitgee wat verdien word: To lead a hand to mouth existence.

**Net so min as wat ek met my hand aan die hemel kan vat:** Dit is heeltemal onmoontlik: It is an impossibility.

**Iets uit die hand verkoop:** Iets privaat verkoop: To sell something by private treaty.

**Voor die hand lê:** Dit spreek vanself: To be self-evident.

**Met die hand in die hare sit:** In verleentheid wees; bitter spyt hê: To be at a loss what to do, to be at one's wit's end.

**Soos 'n hand vol vlieë:** Van baie twyfelagtige waarde: Of very little value.

**My hand het eintlik gejeuk:** Ek het baie lus gehad: My fingers itched.

**Sy hand in sy eie sak steek:** Om self die uitgawe vir iets te dra: To bear the expense oneself.

**Nie 'n hand voor die oë kan sien nie:** Baie donker: Pitch dark.

**Iemand met hand en tand beveg:** Iemand net so hard beveg as 'n mens maar kan: To attack someone tooth and nail.

**Met hand en mond belowe:** Nadruklik belowe: To promise faithfully.

**Met die hande oormekaar sit:** Niks doen nie: To be inactive.



**Die hand aan die ploeg slaan:** Dadelik handel, werk: To put one's shoulder to the wheel.

**Iemand se hand vashou:** Iemand in tyd van moeilikheid of gevaar steun: To encourage, help someone.

**Met die hand op die hart:** Opreg, sonder om 'n leuen te wil vertel: Truly, sincerely.

**Die hand in iets hê:** Met iets te doen hê: To have a hand in.

**Die hand (voet) wat die wieg skommel regeer die wêreld:** Die moeder oefen die grootste invloed uit: The hand that rocks the cradle rules the world.

**Ek is so oud soos my hande, maar nie so oud soos my tande nie:** Gesê as iemand die ouderdom van 'n ander wil weet: I am as old as my hands and not as old as my teeth.

**Die hande vol hê:** Baie te doen hê: To have much to do.

**Die hande (pote) tuis hou:** Nie oral aan vat nie: Hands off!

**Sy hande van iets (in onskuld) was:** Nie die verantwoordelikheid wil dra nie: To wash one's hands of a thing.

**In die hande kom:** Gevang word: To be caught.

**Iemand se hande staan vir niks verkeerd nie:** Hy kan alles doen: He is a good hand at everything.

**My hande van iemand aftrek:** Hom aan sy lot oorlaat: To give someone no further assistance.

**Baie hande maak ligte werk:** As baie dieselfde werk help doen, dan gaan dit maklik en gou: Many hands make light work.

**As twee hande mekaar was, dan word hulle altwee skoon:** Deur 'n ander te help word 'n mens self gehelp: One good turn deserves another.

**Iemand onder hande neem:** Berispe: To rebuke.

**Die hande slap laat hang:** Moedeloos wees, niks doen nie: To be inactive.

**'n Handjie bysit:** Help: To lend a hand.

**HANDEL:** Iemand se handel en wandel: In alles wat iemand doen: One's comings and goings.

**HANDGEMEEN:** Handgemeen raak: Begin veg (veral met vuiste): To come to blows.

**HANDJIEVOL:** Die kind word 'n handjievoll: Moeilik om te regeer: The child's a handful.

**'n Handjievoll manne:** 'n Klein klompie: A few.

**HANDLANGER:** Iemand wat 'n andereen orals help: A help, an aid.

**HANDREIKINKIE:** 'n Handreikinkie doen: Hulp verleen: To lend a hand.

**HANDSKOEN:** Met die handskoen trou: By afwesigheid van die bruidegom met sy gevolmagtigde die huwelikeremonies deurgaang: To marry by proxy.

Die handskoen opneem: Die uitdaging aanneem: To accept the challenge.

Iemand die handskoen toewerp: Iemand uitdaag: To throw down the gauntlet.

**HANETREETJIE:** kyk onder Haan.

**HANOU:** Hou stil! Stop!

**HARD:** Die man is hard (taai) in die bek: Weerspanning: The man is rebellious.

Hy het al harde korsies gebyt: Swaar in die lewe gehad: He has known hard times.

**HARDEKOP:** Iemand is 'n hardekop: Hardnekkig: To be stubborn.

**HARDEPAD:** Iemand het hardepad gekry: Tronkstraf met harde arbeid: To get hard labour.

**HARLABOERIA:** Lawaai: Hurly-burly.

**HARMANSDRUP:** 'n Harmansdrup: 'n Baie stadige persoon: A slowcoach.

**HARNAS:** Iemand in die harnas ja: Iemand kwaad maak: To stir a person's anger.

**HART:** Iemand se hart is maar klein: Hy word gou treurig: He is very soon moved to tears.

Nie oor die hart kry nie: Nie kan besluit om iets te doen nie: He can't bring himself to do it.

Iets op die hart dra: Daar baie voor voel: To feel strongly on a certain point.

Iets op sy hart hê: Graag iets wil sê: To have something on the mind.

Sy hart uitpraat: Met al die besware uitkom: To vent one's feelings.

Iemand dra sy hart nie op sy mou nie: Hy wys nie wat daar in sy gemoed omgaan nie: He does not wear his heart on his sleeve.

Vuil hart, vuil mond: 'n Persoon wat slegte stories vertel, kan nie rein van hart wees nie: Dirty stories come from a foul heart.

'n Warm hart steek die ander aan die brand: Liefde is aansteeklik: Love is infectious.

Elke hart het sy smart: Elke persoon het sy eie moeilikheid: Every heart has its own ache.

**Dit gaan van my hart af:** Ek doen met teësin afstand daarvan: I part with it reluctantly.

**Waar die hart van vol is, loop die mond van oor:** Die mond verraaï wat in die hart omgaan: Out of the abundance of the heart the mouth speaketh.

**As jy die hart daartoe het:** As jy die lus of moed het: If you have the heart for it.

**'n Hart van steen hê:** Hardvoggig wees: To be hard-hearted.

**Iemand 'n hart onder die riem steek:** Iemand moed inpraat: To put heart into a man.

**Sy hart sink in sy skoene:** Hy verloor moed: His heart sinks into his boots.

**Met hart en siel:** Heeltemal: Heart and soul.

**Na iemand se hart:** Net soos hy verlang: To someone's liking.

**Sy hart ophaal aan iets:** Na hartelus doen wat hy van hou: To indulge to his heart's content.

**Sy hart sit op die regte plek:** Hy is 'n deur-en-deur goeie man; hy voel vir die saak: He has his heart in the right place.

**Iemand se hart steel:** Jou by iemand bemind maak: To win someone's heart.

**Sy hart lê op sy tong:** Hy sê wat hy dink en praat dus met oortuiging: To wear one's heart on one's sleeve.

**Nie van sy hart 'n moordkuil maak nie:** Ronduit sê wat 'n mens dink: To speak one's mind.

**In die hartjie van die winter:** In die middel van die winter: In the heart of winter.

**Iemand se hart is verdeel:** Gebruik van iemand wat nie presies wees wat hy uit verskillende dinge moet kies nie: His heart is divided.

**Ter harte neem:** Voordeel uit 'n vermaning of raad trek; daarvoor nadink: To take to heart.

**'n Hartversterkinkie:** 'n Sopie: A drink; a tot.

**HAWER:** Die perd wat die hawer verdien, kry dit nie altyd nie: Die persoon wat die beloning of lof toekom, kry dit maar selde: A person does not always get his due.

**Van hawer tot gort:** Haarfyn, deur-en-deur: To know like one's trouser's pocket.

**Elke hawerklap:** Kort-kort en vir die geringste oorsaak: Continually and for the slightest cause.

**'N HEEN-EN-WEERTJIE:** Vir 'n oomblikkie: For a little while.



**HEENSKEER:** Jy kan vir my part heenskeer: Weggaan; trap: You can go to Hong Kong for my part.

**HEF:** Die hef in hande hê: Die mag in hande hê: To be master of the situation.

**HEINDE:** Heinde en ver: Naby en ver: Far and wide.

**HEK:** Op die hek sit: Onseker wees van die uitslag van iets, (eksamen): To be uncertain of the result (say an examination).

Die hek is van die kraal: Daar is nie meer toesig nie; elkeen kan maak wat hy wil: When the cat's away, the mice will play.

**HEKEL:** 'n Hekel aan iets hê: Niks van iets hou nie: It is my pet aversion.

**HEKS:** 'n Vrou wat allerlei kwaad (wetend of onwetend) te-weegbring deur haar skinderpraatjies: A hag, witch.

**HEL:** Hel op aarde hê: Baie swaar kry: To have hell on earth.

**HELER:** Die heler (deler) is so goed soos die steler: Die man wat gesteelde goed bêre, is net so skuldig aan diefstal as die dief self: The receiver is worse than the thief.

**HELM:** Iemand is met die helm gebore: Kan allerlei dinge voorspel: To be born with a caul.

**HELP:** Al help dit nie dan troos dit tog: Gebruik van iemand wat iets doen, omdat hy sy gewete tevrede wil stel, en nie juis omdat dit sal help nie: Even if it does not help, it comforts.

Help jousef, dan het jou vriende jou lief: Moenie skaam wees nie, jy kan jou gerus (b.v. aan tafel) help: Help yourself.

**HEMEL:** Hemel en aarde beweeg: Alles wat maar moontlik is doen, om 'n mens se doel te bereik: To leave no stone unturned; to move heaven and earth.

As die hemel val is ons almal dood: Ons moenie so baie kla en net aan die slegte, wat kan gebeur, dink nie: The heavens may fall and we may have lark-pie for supper.

Hemel op aarde hê: 'n Lekker lewe lei: To live like a king.

In die sewende hemel wees: Baie gelukkig wees: To be in the seventh heaven.

**HEMP:** Die hemp is nader as die rok: As 'n mens hulp verleen, moet hy eers aan eie famielie en vriende dink: Charity begins at home.

**HEN:** 'n Hen met spore: 'n Vrou wat net soos 'n man wil maak: A mannish woman.

Loop soos 'n hen wat nes soek: Gesê van iemand wat rond en bont loop, sonder om iets te doen: To go about without doing anything.

'n Hen wat kraai, word die nek omgedraai en 'n meisie wat fluit word die deur uitgesmyt: Gesê van meisies wat fluit: A whistling maid, a crowing hen, is neither fit for God nor men.

**HENSOP:** Vir iemand of iets hensop: Iemand as sy meerdere erken of 'n werk magteloos neerlê: To hands-up.

**HERE:** Niemand kan twee here dien nie: 'n Mens kan nie aan twee dinge tegelyk die aandag wy nie: No man can serve two masters.

Die here eet en die gekke sing: Gesê van iemand wat tydig en ontydig sing: Fools sing, while their lords feast.

**HERHAAL:** Tot herhaal (verhaal) kom: Na 'n siekte weer herstel; tot bedaring kom: To pick up one's strength.

**HERKOU:** 'n Saak herkou: Gedurig daaroor nadink (en praat): To ruminate over a subject.

**HERRIE:** Iemand op sy herrie gee: 'n Pak slae gee: To give someone a hiding.

**HET:** Wie het, sal gegee word: As iemand reeds iets het, dan kry hy meer: It never rains but it pours.

**HETERDAAD:** Iemand op heterdaad betrap: Iemand vâng as hy besig is om die misdaad te pleeg: To catch someone red-handed.

**HEUG:** Iets teen heug en meug doen: Of 'n mens wil of nie; teen sy sin: Against one's stomach.

**HEUNING:** Heuning is nie soet genoeg vir jou nie: Jy is baie sedig; jy kan niks doen nie: Butter won't melt in your mouth.

Iemand heuning om die mond smeer:

Iemand met die heuningkwas (bework) smeer:

Met die heuningpot rondloop:

{ Iemand vlei:  
To flatter  
somebody.

**'N HIERJY:** 'n Slegte, niksbeduidende persoon: A scoundrel.

**HJET:** Iemand hiet en gebied: Links en regs beveel: To order right and left.

**HINK:** Iemand hink op twee gedagtes: Besluiteloos wees: To halt between two opinions.

**HIPOKONDRIE:** Hipokondrie (hipokonders) hê: Hom gedurig verbeel dat hy siek is, terwyl hy niks makeer nie: To be a hypochondriac.

**HITTETE:** So hittete(ê): Amper; ter nouernood: Nearly; on the point of.

**HO (HONOU)!** k y k Hanou!

**HOED:** Hoed êrens ophang: Êrens vry: To hang your cap somewhere.

Hoed vasdruk: Weghardloop: To take to one's heels.

Sy hoed vir iemand afhaal: Hom as jou meerdere erken of iemand eer: To take your hat off to someone.

Jy kan jou hoed ook nog agterna gooi: As teken dat 'n mens hoog in sy skik is met die uitslag van iets: You can throw up your hat now.

Sy hoed opeet as dit so is: Heeltemal seker wees: To be quite sure.

Met die hoed in die hand, kom mens deur die ganse (hele) land: 'n Beleeftde mens word orals gehelp: Civility is cheap, but it goes a long way.

**HOEK:** Iets om die hoekie doen: In die stilte, waar niemand sien nie: To do something on the quiet.

Iemand in 'n hoekie ja: Iemand vaskeer: To get a person in a tight corner.

In 'n hoekie wees: In 'n moeilikheid wees: To be in a tight corner.

**HOEKA:** Van hoeka (toeka) se tyd (dae): Baie lankal: From time immemorial.

**HOEKOM:** Omdat hoekom 'n draai is: Gesê as iemand kort-kort gevra word: hoekom? Because Y is a crooked letter and you can't make it straight.

**'N HOEKSTEEN:** 'n Steunpilaar; 'n persoon op wie mens altyd kan staat maak: A key-stone; a mainstay.

**HOENDER:** Hoenderkop wees: Dronk wees: To be tipsy.

Krap soos 'n hoenderpoot: Lelik skryf: To write illegibly.

Die hoenderspoor dra: In die tronk sit: To be in jail.

Hoendervleis kry: Gebruik wanneer 'n mens se vel deur koue, hartstog of vrees riffelrig word soos 'n hoender s'n: It makes my blood creep; it gives one goose-flesh.

Saam met die hoenders gaan slaap: Baie vroeg gaan slaap: To go to bed very early.

Dit lyk of die hoenders sy kos afgeneem het: Hy lyk verslae en verleë: He looks perplexed and dismayed.

Loop na die hoenders! Voertsek! Trap! Get along!

Iemand na die hoenders laat gaan: Jou nie langer bekommer oor wat met hom gebeur nie: Not to care any longer what happens to another.



**Vir iemand die hoenders in wees:** Kwaad wees vir hom: To be angry with someone.

**Mal Jan onder die hoenders:** Gesê van die enigste manspersoon onder 'n klomp meisies: Said of a man who finds himself alone in the company of a number of ladies.

**Soos 'n natgereënde hoender (-haan):** Verleë of beteuterd lyk: To be embarrassed.

**HOEPEL: Die eerste hoepel om die vaatjie:** Die eerste kind: It is the tie that binds.

**Dit is nog maar eerste hoepel:** Daar is nog baie: It is the first ditch.

**Hoepelbene:** Krom bene: Bandy legs.

**HOËR: Dit kan nie hoër of laer nie:** Niks anders kan gedoen word nie: It is imperative.

**Hoër vlieg as wat sy vlerke lank is nie:** Meer onderneem as wat hy kan doen: Cut your coat according to your cloth.

**'N HOGGENHEIMER:** 'n Gewetenlose kapitalis: A Hoggenheimer (an unscrupulous capitalist).

**HOOKHAAI! Hokai! Staan stil! Stop!**

**HOK: In die hok sit:** In die tronk of in die skool wees: To be in jail or in school.

**Iemand hok slaan:** Hom die genot van iets ontsê: To deprive someone of a certain pleasure.

**HOLRUG: 'n Argument holrug ry:** Gedurig, tot vervelens toe dieselfde argument gebruik: To hackney an argument.

**HOND: 'n Kind hond maak:** Hom stiefmoederlik behandel: To treat a child in a stepmotherly way.

**So siek soos 'n hond:** Baie siek: To be very ill.

**Iemand behandel soos 'n hond:** Met minagting, sleg behandel: To treat a person with contempt.

**Die hond in die pot kry:** Iewers aankom as etenstyd verby is: To dine with Duke Humphrey.

**Kom 'n mens oor die hond, dan kom jy ook oor die stert:** As 'n mens eers oor die grootste moeilikheid is, dan gaan dit verder maklik: If the greater part is done, there is no fear for the lesser.

**Hy het nie eers die hond haaraf gemaak nie:** Hy het niks uitgerig nie, òf was te sleg om iets te doen: He accomplished nothing or could not do anything.

**As 'n mens 'n hond wil slaan, kan hy gou genoeg 'n stok kry:** Dit is maklik om voorwensels te kry as jy iemand wil kwaad doen: Give a dog a bad name and you may as well hang him.

**Elke hond prys sy stert:** Elkeen is geneig, om homself (sy eie goed) te prys: We are all inclined to praise ourselves.

**Elke hond kry sy dag en 'n brakkie (die ou vale) twee:** As iemand iets verkeerds gedoen het, kan hy seker wees dat die straf nie sal uitbly nie: Every dog has his day.

**Die haastige hond verbrand sy bek:** 'n Mens moenie te gou handel nie: Look before you leap.

**Iemand is soos 'n hond, waar hy kos kry, daar bly (blaf) hy:** Gesê van iemand, wat tot vervelens toe by ander mense bly: He outstays his welcome.

**Baie honde is 'n haas se dood:** As persone bymekaar staan, kan hulle makliker 'n swaar werk verrig: Union is strength.

**Kommandeer jou eie honde en blaf self:** Jy het my niks te beveel nie: Do your own dirty work.

**Moenie slapende honde wakker maak nie:** Moenie die aandag vestig op iets, waarvan 'n mens onaangename gevolge kan ondervind nie: Let sleeping dogs lie.

**Dooie honde byt nie:** Iemand wat dood is, kan g'n kwaad meer doen nie: Dead men tell no tales.

**Twee honde om een been, die derde loop daarmee heen:** As twee mense om een ding twis, raak dit dikwels in besit van 'n derde: While two dogs are fighting, the third takes the spoil.

**Soos 'n hond wat vet gesteel het:** Gesê van iemand wat skuerig is: With a guilty face.

**Blaffende honde byt nie:** Van mense wat gedurig dreig, is daar selde iets te vrees: His bark is worse than his bite.

**Van sy eie honde gebyt word:** Deur jou eie mense benadeel word: To be harmed by your own people.

**Dit is nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie:** Iemand is agter iets anders aan as wat hy voorgee: Not so much for a person as his possessions.

**Van die hondjie gebyt wees:** Hoogmoedig wees: To think one's penny silver.

**'n Hondelewe lei:** 'n Ellendige lewe voer: To lead the life of a dog.

**HONDERD: Honderd en een moeilikhede hê:** Baie moeilikhede hê: To have a thousand and one troubles.

**'n Man honderd:** 'n Man op wie 'n mens kan staat maak: A thorough, a fine man.

Dit gebeur maar elke honderd jaar (skrikkeljaar): Baie selde: It happens once in a blue moon.

Al honderd en tien! Al is jou verskoning ook hoe goed: In spite of your excuses.

**HONGER:** So honger hê dat 'n mens 'n spyker se kop kan afbyt: Baie honger wees: To be as hungry as a lion.

Honger is die beste kok (sous); }  
Honger maak rou bene soet: } Vir iemand wat

honger het, smaak alles goed: Hunger is the best sauce.

**HOOF:** Iemand die hoof bied: Verset teen: To offer resistance.

Foute oor die hoof (deur die vingers) sien: Dit òf onopgemerk laat verbygaan òf dit opmerk en vergewe: To overlook mistakes.

Vurige kole op iemand se hoof (kop) hoop: Sy kwaad met goed vergeld: To heap coals of fire on a person's head.

Soveel hoofde soveel sinne: Elkeen het sy eie opvatting van 'n saak: So many men, so many minds.

Iemand hoofbrekings kos: 'n Persoon of saak, wat hom baie laat dink of wat hom baie kommer veroorsaak: To rack one's brains.

'n Hoofrol speel: Op die voorgrond tree: To play the chief rôle.

**HOOG:** Hoog en droog sit: Veilig voel, sonder om hom oor iets te bekommer: High and dry.

Die skoot hoog deur hê: Gesê van iemand wat dronk is: To be intoxicated.

Hoog en laag sweer: By hemel en aarde sweer: To swear by all one holds sacred.

Dit is hoog tyd: Dis al lankal tyd: It is high time.

Op die hoogte wees: Goed ingelig wees: To be well informed.

Iemand is op die hoogte van sy tyd: Iemand leef met die tyd saam: To be up-to-date.

Nie hoog vlieg nie: Nie meer onderneem as wat hy kan behartig nie òf nie op groter voet lewe as wat hy kan bekostig nie: Not to live beyond your means.

**HOOGMOED:** Hoogmoed kom voor die (tot 'n) val: 'n Hoogmoedige mens sal verneder word: Pride comes before a fall.

**HOOI:** Te veel hooi op sy vurk neem: Meer onderneem as wat hy kan doen: To bite off more than one can chew.

Te hooi en te gras: Selde, so nou en dan: Now and then.



**HOOIMIED:** 'n Naald in 'n hooimied seek: Iets onderneem, waarin jy maar min kans het om te slaag: To look for a needle in a hay-stack.

**HOOR:** Wie nie hoor nie, moet voel: As iemand ongehoorsaam is, moet hy gestraf word: He who refuses to obey must stand the consequences.

**Van hoor-sê (hore-sê):** Gebruik van informasie, wat 'n mens nie uit die eerste hand het nie: To have from hearsay.

**Iemand se hoor en sien vergaan:** Gesê as daar 'n groot lawaai is: To cause a deafening din.

**HORAK:** Wat sê Horak? Watter nuus is daar: Any news?

**HORING:** Iemand se horing onder die tou uithaal: Iemand van diens wees: To do one a favour.

**'n Huis op horings neem:** Raas en te kere gaan: To create a hubbub.

**Iemand moes nog net horings gehad het, dan was hy 'n buffel:** Gebruik van 'n baie onbeskofte mens: A very rude fellow.

**HORINGOUD:** Baie oud: Very old.

**HORRELPYP:** Iemand die horrelpyp laat dans: Iemand pak gee: To give someone a sound thrashing.

**HORTE:** Met horte en stote: Nie egalig nie; dit het swaar gegaan: By fits and starts.

**HOT:** Hot en haar: Van die een plek na die ander: To be sent from pillar to post.

**Hotagter kry:** Baie swaar, opdraand kry: To have a hard time.

**Hotom en haarom staan:** Allerhande uitweggies seek, waarvan geeneen slaag nie: To try one's level best.

**Altyd hotom wil kom:** Altyd anders wil doen as die meerderheid; altyd stroom op: Used of a person who always wants to do just the opposite of what has been proposed.

**HOTNOT:** 'n Los Hotnot: Iemand wat nie verloof is nie of wie se nooi hom in die pad gesteek het; iemand wat nie vir 'n doel lewe nie: A free-lance.

**Hotnot!** 'n Uitroep van verbasing of spot: Bravo! Splendid!

**Hotnotjies (kaffertjies) onder die kombes:** Handpasteitjies: Small meat-pies.

**HOTNOTSRIEL:** 'n Hotnotsriel dans: Onder die kweperlat deurloop: To give a sound thrashing.

**HOU:** Iemand hou wat hy het: Hy laat wat hy het nie maklik los nie: He sticks to what he has.

**Hou tot die volkies van die land afkom:** Gesê van iemand wat goed geëet het: To have had more than one's fill.

**'n Ou hou:** Baie: Rather much.

**'n Afwagtende houding aanneem:** Om te wag en kyk hoe dinge sal gebeur: To wait and see.

**Hou jou mond:** Bly stil: Hold your tongue.

**'n Goeie hou slaan:** Gesê van 'n persoon wat baie drink: To be addicted to drink.

**HOUT:** Uit die ou soort hout gesny wees: Na sy voorouers aard: To be a chip of the old block.

**'n Houtjie met iemand sny:** Besigheid bespreek: To have to do some business.

**Iemand is so slim soos die houtjie van die galg:** Baie slim: To be very cute.

**Iets op eie houtjie doen:** Iets doen sonder om daartoe deur 'n bevoegde persoon gemagtig te wees: To do something off one's own bat.

**'n Houtkapper en waterdraer:** Kyk Waterdraer.

**Soos 'n houtpop sit:** Dooierig sonder om beweging te maak: To sit like a mummy, or dummy.

**HOUTGERUS:** Houtgerus (doodgerus) wees: Heeltemal gerus: Not to suspect anything.

**HUID:** Iets met huidjie (huid) en muidjie (haar) opeet: Dit heeltemal opeet: To eat it skin and all.

**HUIS:** Uit die huis uit: Van die begin af: From the very start.

**Die huis op horings neem:** Rond baljaar of 'n lawaaï in die huis maak: To cause a hubbub.

**Met hom is geen huis te hou nie:** Gesê van iemand wat baie lastig of onhandelbaar is: To be unmanageable.

**As jy 'n huis bou na elkeen se raad, is hy krom:** As 'n mens na die raad van almal wil luister, sal hy niks uitvoer nie: If you try to please everyone you land in the soup.

**Elke huis(ie) het sy kruis(ie):** Elkeen het sy eie moeilikheid of leed: There is a skeleton in every cupboard.

**Iewers vreeslik huishou:** Woes te werk gaan: To misbehave; act very roughly.

**HUSSE:** Hussê met lang ore: Gebruik as antwoord op 'n nuuskierige vraag (veral van kinders): Used in reply to an inquisitive question (especially from children).

**HUWELIKSBOOTJIE:** In die huweliksbootjie stap: Trou: To enter the bonds of hymen.

## I.

- I:** Die puntjies op die i sit: Iets baie sekuur doen: To dot your i's.
- IETS:** Nogal iets besit: Taamlik baie besit: To be fairly rich.  
'n Ietsie: 'n Klein bietjie: A little bit.
- INDABA:** Indaba hou: Beraadslaag: To hold a council.
- INDOENA:** Raadgewer, kaptein: A chief; counsellor.
- INKEER:** Tot inkeer kom: Berou hê van gedane kwaad: To repent.
- INKLIM:** Iemand inklim: Iemand aanval, slaan, slegsê: To rebuke.
- INLÊ:** Sambok inlê: Iemand slaan: To beat, give a hiding.
- INPEPER:** Iemand iets inpeper: Iemand die verkeerde van sy daad goed laat verstaan: To rub it in for a person..
- INPRAAT:** Iemand iets inpraat (inprent): Iemand iets wysmaak: To impose on a person.
- INSLUK:** Iemand sy woorde weer laat insluk: Hom daartoe dwing om dit terug te trek: To force a person to withdraw, or eat his words.  
Moenie my insluk nie: Tergend gebruik as iemand gaap sonder om sy hand voor sy mond te hou: Do not swallow me!
- INSPAN:** Iemand inspan: Iemand baie werk gee: To pile work on a person.
- INSTAAN:** Vir iets instaan: Iets waarborg; die verantwoordelikheid dra: To guarantee.
- INVLIEG:** Iemand invlieg: Iemand aanval, slaan, slegsê: To rebuke.
- ISEGRIM:** Iemand is 'n isegrim: 'n Knorrige, ontevrede persoon: A grumbler.

## J.

- JA:** Ja en amen sê op alles: Alles maar goedkeur; met alles instem: To agree to everything.  
Iemand is 'n jabroer: Iemand wat nie 'n eie mening het nie: A person who agrees to everything.  
Die jawoord kry: Deur 'n nooi aangeneem word: To be accepted by a girl.
- JAAG:** As jy iemand jaag, dan staan jy self nie stil nie: As iemand 'n seker fout by 'n ander soek, dan is hy self nie daarvan vry nie: Ill doers are ill deemers.
- JAKKALS:** 'n Jakkals: 'n Skelm persoon: A sly person.  
Jakkals prys sy eie stert: Aan iemand gesê wat homself prys: To blow one's own trumpet.



'n **Kaal jakkals**: 'n Armsalige mens, iemand wat niks besit nie: A poor fellow.

**Hoe kaler jakkals, hoe groter stert**: Wie die minste besit, spog gewoonlik die meeste: The poorer the man, the greater his boast.

**Jakkals verander van hare, maar nie van nukke (streke) nie**: 'n Mens ontgroeï nooit sy ingebore karaktertrekke nie: The leopard does not change its spots.

**Dis bo my jakkals**: Dis meer as wat ek kan doen: That is more than I can do.

'n **Tweestert jakkals**: 'n Persoon wat van opinie verander net om voordeel daaruit te trek: A turncoat.

**Die jakkalse trou**: Gebruik as dit reën, terwyl die son skyn: The fairies are baking.

**Jakkalsdraaie maak**: Allerhande voorwensels aanvoer, om uit 'n moeilikheid te geraak: To make all sorts of excuses to get out of trouble.

**Vol jakkalsstreke**: Gebruik van 'n geslepe persoon: To be cunning.

**JAKKER**: Iemand jakker die hele dag rond: Loop rond: To gad about the whole day.

**JAKOB**: Die ware Jakob: Die regte kêrel of ding: Mr. Right.

**Jakob vry na Rachel om Lea te kry**: Hy is teleurgestel in sy planne: To be disappointed.

**JAKOPEWEROË**: Oë wat uitpuil: To have protruding eyes.

**JAN**: Jan Rap en sy maat: Almal, selfs die laagste ook: Tom, Dick and Harry.

**Met Jan Tuisbly se karretjie gaan**: By die huis bly: To stay at home.

**Jan Salie**: 'n Niksbetekenende persoon: A stick-in-the mud.

**Jan en alleman**: Almal: All the world and his wife.

**Mal Jan onder die hoenders**: kyk **Hoenders**.

'n **Regte ou Jan Pampoen**: 'n Niksbeduidende vent: A regular stick-in-the-mud.

**Beter bang (blo) Jan as dooi (oorlede) Jan**: 'n Mens moenie te dapper wees nie (sê die bangbroek): Better a live dog than a dead lion.

**Jantjie wees; Jantjie se baadjie aanhê**: Jaloers wees: To be jealous.

**JAPIE**: 'n Sempel Japie: 'n Baie eenvoudige mens: A simpleton.

**JAPSNOET**: 'n Regte japsnoet: 'n Persoon wat hom gedurig met 'n ander man se sake bemoei: A meddler.

**JAS**: Iemand se jas is in die wiel: Iemand is in moeilikheid: To be in trouble.

**JERUSALEM: 'n Vreemdeling in Jerusalem:** Onbekend wees met wat in mens se onmiddellike omgewing gebeur: To be a stranger in Jerusalem.

**By Jerusalem begin:** 'n Mens moet eers sy eie sake in orde bring, of sy eie mense help, voordat hy ander hulp verleen: To begin at Jerusalem.

**'n Jerusalemse ponie:** 'n Weeluis: A bed-bug.

**JOB: Job se geduld en Salomo se wysheid:** Baie geduld en bewaamheid besit: Much patience and wisdom.

**So geduldig soos Job:** Baie geduldig: As patient as Job.

**So arm as Job:** Hy besit niks nie: Poverty-stricken.

**'n Jobstrooster:** Iemand wie se troos maar min help: A Job's comforter.

**'n Jobstyding kry:** 'n Droewige tyding ontvang: To get a message of ill-luck.

**JONK: Sy nooi is jonk dood:** Spottend gesê van 'n persoon wat nie 'n nooi kan kry nie: Humorously used of a person who cannot win the hand of a girl.

**Jonk gewend, oud gedoen:** 'n Mens behou die gewoontes van sy jongdae: Once a use and ever a custom.

**JONKER: Hoe kaler jonker hoe groter pronker:** Wie die minste besit, spog gewoonlik die meeste: The poorer the man, the greater his boast.

**JONGKÊREL: Sy lyf jongkêrel hou:** Maak of hy nog onge-troud is: To pretend to be unmarried.

**JOOD: Hy is 'n Jood:** Suinig en geldgierig: He is a miser.

**'n Vark uit die Jood slaap (eet, ens.):** Gevaarlik baie slaap: To sleep, etc., very much.

**Jode en Samaritane hou nie gemeenskap nie:** Hulle kom nie goed met mekaar klaar nie: Jews and Samaritans do not have intercourse with each other.

**Dit gaan soos in 'n Jodekerk:** Almal praat gelyk: It is a Polish diet.

**JOSIE: Die Josie in wees:** Baie kwaad wees: To be very angry.

**JUDAS: 'n Verraaiër, 'n vals vriend:** A Judas.

**JUDASKUS: Kus van verraad:** A traitor's kiss.

**JUDASSTREEK: Verraad:** Treachery.

**JUKSKEI: 'n Orige jukskei:** Iemand of iets wat maar van baie min waarde is: To be the fly on the wheel.

**'n Klein jukskei met 'n groot knop:** Iets (iemand) wat 'n mens orals kan gebruik: Something very serviceable.

**Jukskei breek:** Moeilikheid veroorsaak: To cause trouble.

## K.

**KAAK:** Iemand aan die kaak stel: Sy skande bekend maak: To expose a person.

Uit die kake van die dood gered wees: Van 'n seker dood gered wees: To be saved from certain death.

**KAAL:** Kaal afkom van iets: Sleg, met skande: To come off without credit.

Iemand kaal maak (dop): Alles van hom wen: To win everything off a person.

**KAALKOP:** Iemand kaalkop die waarheid vertel: Reguit, sonder om te skroom: To go for somebody baldheaded.

**KAAP:** So oud wees soos die Kaapse wapad: Baie oud wees: As old as the hills.

'n Kaapse draai maak: Kort draaie maak: To take sharp turns.

Het jy dit in die Kaap gaan haal: Gesê as iemand wat gestuur is, baie lank weggebly het: Why did you take such an age about it?

By die Kaap omgaan: Iets baie langdradig vertel: In a round-about way.

Die mes is so stomp, dat 'n mens daarop Kaap-toe kan ry: Gebruik van 'n baie stomp mes: The knife is very blunt.

**KAART:** Dit is 'n deurgestoke kaart: 'n Vooraf beraamde plan: It is a made-up game.

In iemand se kaarte kyk: Op 'n sluwe wyse iemand se geheime of planne uitvind: To get to know a person's plans in a cunning way.

Met oop kaarte speel: Eerlik met iets uitkom: To deal above-board with a person.

'n Regte kaartman: Gesê van 'n klein persoon wat baie verspot lyk: A regular jack-in-the-box.

**KAAS:** Iemand eet kaas: Hy vry: To make love.

**KAATJIE:** Kaatjie Kekkelbek: 'n Vrou wat baie praat (vernaamlik skinderstories vertel): A chatterbox.

Kaatjie van die baan: Die leier wees in die vrolikheid: To be cock of the walk.

**KABOEDEL:** 'n Hele kaboedel: Die hele klomp: The whole lot.

**KADUKS:** Kaduks voel: Oud en afgeleef: To feel decrepit.

**KAF:** Die kaf van die koring skei: So te werk gaan, dat die slegte van die goeie gesien (geskei) kan word: To separate the true from the false, or the wheat from the chaff.

Kafloop: Oorwin; iets klaarmaak: To overcome; to finish off.



**Iemand met kaf vang:** Maklik, sonder veel moeite: To impose upon a person very easily.

**'n Mens vang nie ou voëls met kaf nie:** 'n Ou mens laat hom nie maklik kul nie: You can't catch an old bird with chaff. i.e. he is not easily deceived.

**Kaf verkoop:** Bog praat: To talk nonsense.

**Die kaf kan jy op 'n ander mark gaan verkoop:** Ons is nie van jou lawwe praatjies gedien nie: Don't tell me such nonsense.

**KAFFERTJIES:** Kaffertjies onder die kombes: kyk Hot-notjies.

**KAFFERPAK:** 'n Kafferpak: Baie groot pak: A sound beating.

**KAIINGS:** Iemand se kaiings teëkom: Sy meerdere teëkom, van wie hy 'n pak slae kan kry: To meet one's match.

**KAIN:** Iemand wys waar Kain Abel vermoor het: Iemand op sy plek sit: To give a person a bit of your mind.

**KAJUITRAAD:** Kajuitraad hou: Beraadslaag: To deliberate.

**KAKIE:** Jy is kakie-laai: Jy is baie laai: That will never happen.

**KALANT:** 'n Ou kalant, lank in die land; 'n geslepe kalant: 'n Skelm, geslepe vent: A shrewd person.

**KALF:** Die kalf is in die put: Daar is moeilikheid, skade: We are in trouble.

**Met die kalf van 'n ander ploeg:** Die werk of kennis van 'n ander gebruik en laat deurgaans as joue: To plough with another man's heifer.

**Die kalf is verdronke:** Daar is nou niks meer aan die saak te doen nie: The die is cast.

**KALKOEN:** Nie onder 'n kalkoen (volstruis, skilpad) uitgebroei wees nie: Nie so dom wees as 'n ander dink nie: Not as green as one looks.

**Kalkoeneiergesig:** Vol sproete: A freckled face.

**KALWERLIEFDE:** Kinderverliefdheid: Calf love.

**KAM:** Oor dieselfde kam skeer: Almal eenders behandel: To tar with the same brush.

**KAMMA:**

**KAMMELIELIES:**

**KAMMEKASTIG:**

**KAMTAG(IG):**

} Voorgee dat: Supposed to be.

**KANIS:** 'n Kanis; vuil kanis: 'n Vuil kêrel: A dirty fellow.

**KANS:** Die kans is verkyk: Die geleentheid is verby: The chance is lost.

**KANT:** Kant en klaar wees: Heeltemal gereed wees: Cut and dried.

**Kant nog wal raak:** Dit is glad verkeerd of onsin:  
It is quite beside the point.

**Alles het 'n goeie kant:** 'n Saak is nooit net sleg nie:  
Every cloud has a silver lining.

**Homself van kant maak:** Selfmoord pleeg:: To do  
away with oneself.

**Iemand van kant maak:** Iemand doodmaak: To kill  
a person.

**Kant en wal:** Heeltemal vol: Full to overflowing.

**KANTOOR:** **Kantoor-toe gaan:** 'n Saak voor die hof bring:  
To institute an action.

**KAPITTEL:** **Iemand kapittel:** Iemand berispe, vermaan: To  
rebuke, lecture a person.

**KAPOKHAANTJIE:** 'n Klein parmantige kêreltjie: A cheeky  
little fellow.

**KAPOT:** Gedaan; stukkend; dood: Broken.

**KAPPIEKOMMANDO:** 'n Leërtjie wat uit vrouens bestaan:  
The petticoat army.

**KARNALLIE:** **Iemand is 'n karnallie:** 'n Geslepe persoon: A  
shrewd fellow.

**KARNUFFEL:** Terg, pla: To bully.

**KARRINGMELK:** **Iemand het in karringmelk (melk) geval:**  
Gesê van iemand wat 'n wit pak klere aan het: He is  
dressed in white from head to foot.

**KASKENADES:** Grappe, streke: Pranks.

**KASSATERWATER:** Gebruik van tee of koffie wat baie flou  
is (ook skottelgoedwater): A term used for very weak  
tea or coffee.

**KARRETJIE:** Met Jan Tuisbly se karretjie gaan: k y k Jan.

**KASTAIINGS:** Die kastaings uit die vuur krap (haal): 'n  
Moeilike of gevaarlike werk vir 'n ander doen: To be  
used as a cat's paw.

**KASTY:** 'n Mens kasty wie hy liefhet: 'n Mens straf die per-  
soon van wie hy baie hou: We chastise those whom we  
love.

**KAT:** **Die kat uit die boom kyk:** 'n Afwagtende houding aan-  
neem: To see which way the cat jumps.

**Dis nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie:**  
Gesê van 'n kwaai vroumens: Not to be handled without  
gloves.

**Wie sal die kat die bel aanbind:** Wie sal hierdie gevaar-  
like werk durf doen: Who will bell the cat?

**Soos kat en hond leef:** Altyd rusie maak: To live like  
cat and dog.

**Soveel daarvan weet as 'n kat van saffraan (godsdien):** Glad niks daarvan weet nie: Not to have the faintest notion.

**'t Kat in die sak koop:** 'n Slegte koop sluit: To buy a pig in a poke.

**As die kat weg is, is die muise baas:** As die baas weg is maak die onderhoriges net wat hulle wil: When the cat is away the mice will play.

**Die kat in die donker knyp:** Vroom voor oë, maar in die geheim allerlei kwaad doen: To do it on the sly.

**As die kat vol is, smaak die muis bitter:** As 'n mens genoeg geëet het, smaak die kos nie meer lekker nie: When you have had your fill, food is no longer appetising.

**KATKISEER:** Iemand katkiseer: Iemand berispe: To rebuke.

**KATTESKEER:** Katkiseer: To attend classes to qualify for confirmation.

**KATSWINK:** Iemand katswink slaan: Hom bedwelmslaan: To beat someone unconscious.

**KATTEKWAAD:** Kattekwaad doen (uitrig): Alleenlei kwaad doen: To be up to mischievous tricks.

**KEEL:** 'n Keel opsit: Hard skreeu: To cry at the top of one's voice.

**Sy eie keel afsny:** Sy eie ondergang bewerk: To cut one's own throat.

**KEES:** Dit is klaar met Kees: k y k Klaar.

**'N KEKKELBEK:** Skinderbek: A slanderer.

**KEKKELPRAATJIES:** Skinderpraatjies: Slander.

**KENNIS:** Kennis is mag: Deur kennis en geleerdheid kry 'n mens invloed en mag: Knowledge is power.

**KENTA(G):** Kenta(g) wees: Gebruik van iemand wat kwaad word as hy verloor in 'n spel ens., en dan nie verder wil aangaan nie: To be no true sportsman.

**KEPER:** Iets op die keper beskou: Iets baie noukeurig beskou: To examine very closely.

**KEPS:** Keps stoot: Vry na: To court.

**KERF:** Dit gaan bo sy kerf: Dit gaan te ver na sy sin: That goes beyond his liking.

**KERFSTOK:** Al baie op sy kerfstok hê of sy kerfstok is vol: Hy het al baie kwaad gedoen en het dus baie te verantwoord: To have a great deal to answer for.



**KERK:** Iemand se kerk is uit: Hy is in moeilikheid: He is done for.

**In die kerk gebore:** Van iemand gesê, wat nooit 'n deur agter hom toemaak nie: Used of a person who never closes a door when he passes through it.

**So arm soos 'n kerkmuis:** Baie arm: As poor as a church mouse.

**KERMIS:** Dit is nie elke dag kermis nie: 'n Mens kan nie elke dag plesier wil hê nie: Life is not all beer and skittles.

**KERMISBED:** Kermisbed maak: 'n Bed op die vloer maak: To prepare a shake-down on the floor.

**KERS:** So reg soos 'n kers: Baie regop: To be very straight.

**Nie kers vir iemand kan vashou nie:** Gesê van iemand (iets) wat ver onderkant 'n ander persoon (ding) staan: Not to be a patch on.

**KES:** Iemand sy kes gee: Iemand uitdaag: To challenge someone.

**KETTER:** Vloek (lieg) soos 'n ketter: Gedurig vloek (lieg): To swear like a trooper.

**KIEP-KIEP:** Moenie kiep-kiep roep nie: Moenie almal volgens dieselfde maatstaf beoordeel nie: Do not weave all pieces on the same loom.

**KIERING:** Kiering (kurang, kieringkies, tjurang) braai (uit): Die oneerlikheid kom voor die dag: The deception has been proved.

**KIES:** Kies of deel: Een van twee dinge moet doen: Hobson's choice.

**Iemand maak 'n looikuip van sy kies:** Hy pruim baie: Used of a person who chews tobacco.

**KIET(S):** Ons is kiet(s): Gelyk; ons is mekaar niks meer skuldig nie: We are quits.

**KIND:** Die kind van die rekening: Iemand moet alleen boet vir wat ander gedoen het: To pay the piper.

**Die kind by sy naam noem:** 'n Ding beskryf soos dit is, sonder om doekies om te draai: To call a spade a spade.

**Nie vandag (gister) se kind nie:** kyk **Gister.**

**Hy het kind nog kraai:** Geen famieliebetrekking of persoon om voor te sorg nie: He has neither kith nor kin.

**'n Mens is 'n kind van sy omgewing:** 'n Persoon word deur sy omgewing baie sterk beïnvloed: A person is the child of his environment.

**Die kind met die bad water uitgooi:** Die slegte saam met die goeie weer: To reject the good with the bad.

**Kinders praat (spreek) die waarheid:** 'n Kind sê wat hy gehoor het en verberg niks nie: Children don't lie.

**Gaan jy met kinders uit, kom jy met kinders tuis:** As 'n grootmens op kinders staatmaak, dan raak hy gekul: If you depend on children, you will be deceived.

**Kinders is 'n seën van die Here, maar hulle hou die mot uit die klere:** Die grootmaak van kinders kos baie geld: Children are God's blessing, but they demand a lot of money.

**'n Kind des doods:** Gebruik as 'n soort dreigement: To be doomed.

**Dit is nie kinderspeletjies nie:** Dit is 'n moeilike saak: It is no childplay.

**Van sy kindsbeen af:** Van jongs af: From childhood.

**'n Kinderhand is gou gevul:** 'n Kind is gou (maklik) tevrede: A child is soon satisfied.

**KINK:** Daar is 'n kink in die kabel: Daar het moeilikheid gekom: There is a rift in the lute.

**KISKLERE:** Sy beste pak: His Sunday best.

**KITS:** In 'n kits: In 'n oogwink, gou: In no time.

**KLAAR:** Klaar wees met iemand: Niks meer met iemand te doen hê nie: To have done with someone.

**Dit is klaar (klaarpraat) met hom:** Hy lê op sy uiterste; is bankrot: His days are numbered.

**Dit is klaar met Kees:** Daar is niks meer aan die persoon of saak te doen nie: To be done for.

**KLAASVAAK:** Klaasvaak het hom gevang of Klaasvaak strooi sand in iemand se oë: Gesê van kinders as die slaap hulle oorwen: The dustman is about.

**KLAP:** Dit is 'n klap in sy gesig: 'n Belediging vir hom: That is a smack in his face.

**Uit die skool klap:** Geheime vertel: To tell tales out of school.

**Hy ken die klap van die sweep:** Hy verstaan daardie werk goed: He knows the ropes.

**'n Klap van die windmeul weghê:** 'n Bietjie mal wees: To have bats in the belfry.

**KLAPPERDOP:** Die kop: The head.

**KLEIN:** Nie iets klein kry nie: Dit nie verstaan nie: Not to understand.

**Iemand kleingeld maak:** Iemand oorwin: To overcome.

**KLEI:** Klei trap: Rondval om uit 'n moeilikheid te kom: To struggle to get out of a difficulty.

**KLERE:** Die klere maak die man: 'n Mens oordeel dikwels iemand na sy uiterlik: Fine feathers make fine birds.

**Dit raak my koue klere nie:** Ek steur my gladnie daaraan nie: I do not care a button for it.

**Dit gaan nie sommer in 'n mens se klere sit nie:** Dit sal 'n diep indruk maak: It makes a very deep impression.

**Nie sonder klereskeur nie:** Met groot moeite: With great difficulty.

**KLETSKOUS:** 'n Babbelbek: A chatterbox.

**KLEUR:** Sy kleure wys (ook **kleure beken**): Uitkom met sy oortuiging: To show his true colours.

**KLIK:** Van iemand klik (ook **iemand verklik**): Vertel watter kwaad hy gedoen het: To tell tales about a person.

**KLIP:** 'n Klip aan rol sit: Met 'n seker saak 'n begin maak: To set the ball rolling.

**Iemand 'n klip uit die pad rol:** Iemand 'n diens bewys: To do somebody a favour.

**Baie klippe versit:** Baie uitrig: To do much.

**Stadig (soetjies) oor die klippe:** Wees matig, langsaam en versigtig: Go slowly and carefully.

**Soos 'n klip slaap:** Baie vas slaap: To sleep like a top.

**KLIPSTEENHARD:** Baie swaar: Very hard, difficult.

**KLITS:** Soos 'n klits vassit aan iemand: Altyd by iemand wees: To dog a person's footsteps.

**Iemand klits:** Iemand slaan: To give a hiding.

**KLOK:** Aan die groot klok hang: Oral rond vertel: To noise abroad.

**Hy het die klok hoor lui, maar weet nie waar die klepel (bel) hang nie:** Hy het iets gehoor van die saak, maar van die kleiner besonderhede daarvan weet hy niks nie: He has not got the hang of it.

**'n Man van die klok:** Alles op 'n gesette tyd doen: To be punctual.

**Die klok sal lui:** Hulle sal bankrot raak: They'll go bankrupt.

**KLUIT:** Iemand met 'n kluitjie in die riet stuur: Iemand met mooi praatjies afskeep: To put off with fair words.

**'n Kluit slaan:** 'n Slag slaan: To make a bargain.

**Kluitjies bak:** Leuens vertel: To tell lies.

**KLUTS:** Die kluts kwytraak: Nie meer weet, wat 'n mens doen nie: To be put out.

**KNAKS:** Knaks wees: Vir mekaar kwaad wees: To be at loggerheads.

**KNEWEL:** Iets wat baie groot is (bv. 'n springbok): A giant of (e.g. a springbuck).

**KNIE:** Knieë dra: Vinnig weghardloop: To take to your heels.

**KNIEHALTERSPAN:** Iemand kniehalterspan: Iemand nie vrye beweging toelaat nie: To handicap a person.